21 Junie 2020

FAMILIE TUISBLAD

Matt 10:24-39

ons storie

Wat is die kosbaarste besitting in julle huis? Praat eers net daaroor sonder om eers te bepaal watter maatstawwe vir kosbaarheid julle gaan gebruik.
Antwoord nou die vraag weer maar aan die hand van die volgende maatstawwe.
Geld
Herinneringe
Sentiment
Liefde

ons nuwe storie

Dalk moet ons ook kyk na die klein dingetjies wat kosbaar is. Probeer die week mooi uitkyk vir klein kosbaarhede. Elke lid van die familie moet kyk of hulle 2 kosbaarhede kan uitwys. Probeer dan nuwe gewoontes vestig wat van daardie kosbaarhede meer sal uitlig.

GOD se storie

Die Here het ons meer lief as wat ons kan bid of dink. Paulus bid juis in Efesiërs 3:18 ev. dat ons saam met al die gelowiges in staat kan wees om te weet hoe lief die Here ons het.
Hier gebruik Jesus twee sterk beelde. Mossies en hare en alles net om vir ons te wys hoe kosbaar ons vir Hom is!
Dink net daaraan- ons hare is getel!

Rituele en gewoontes

Kyk die week met ander oë na die mense rondom julle. Kyk na hulle hare en praat met mekaar oor wat julle van mense kan aflei deur net na hulle hare te kyk!
Onthou egter dat die Here ook hulle hare getel het en dat hulle ook vir Hom belangrik is. Wees daarom goed vir een persoon wie se hare julle aangemoedig het om vir hom/haar goed te wees.
Koop ook 'n bietjie saad of krummel brood en voer die mossies die week.